LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 8 / 2017
7 MAART 2017

Geagte ouers en personeel,

Hieronder is ‘n skakel na ‘n baie opvoedkundige artikel oor dissiplinering van kinders.

Geniet hierdie ontdekkingsreis saam met u kind:

https://ahaparentingnew01.worldsecuresystems.com/blog/10_Ways_To_Guide_Children_Without_Discipline?utm_source=Aha%21+Parenting+List&utm_campaign=3c4308b4fd-EMAIL_CAMPAIGN_2017_02_28&utm_medium=email&utm_term=0_45e38f2e1a-3c4308b4fd-209417949

AKADEMIE

KLASBESOEKE EN WERKSKONTROLE

Die bestuur doen gereeld klasbesoeke en werkkontrole om te verseker dat hoë akademiese standaarde in die skool gehandhaaf word.

WISKUNDE WEEK

Ons is hierdie week besig om Wiskunde lekker te maak vir ons leerders. Hou hierdie spasie dop vir interessante beriggies en foto’s

WETENSKAP TERMYNTOETSE: GRAAD 5 TOT 7

Die drukkersduiwel het die afgelope paar weke lekker gewoel onder die belangrike datums in die nuusbriewe.

Hiermee dan ‘n regstelling op vorige nuusbriewe se datums:

- GS termyntoets: 10 Maart
- Wetenskap termyntoets: 17 Maart
- Sakestudies termyntoets(Gr. 7): 24 Maart

ATKV SPELATHON

Graad 6 en 7 leerders gaan deelneem aan die spelkompetisie. Spellyste sal vandag uitgedeel word. Ernstige spellers moet die woorde leer. Uitdunne sal die 22ste Maart in die klasse plaasvind. Slegs twee deelnemers per graad gaan deur na die eerste rondte se uitdunne van die ATKV kompetisie.

SKAAK

Ontvang aangehegte bylae / artikel.

SPORT

GAUTENG ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Vrydag en Saterdag het ons atlete aan die Gauteng Kampioenskappe deelgeneem.

Ons deel graag hul pragtige prestasies.

Clarissa le Roux 	Clarissa breek die Gauteng rekord vir diskus dogters 0/13 met ‘n afstand van 41.65m. Sy behaal ook ‘n 1ste plek met die gewigstoot met ‘n afstand van 12.5m.
Celia Janse van Rensburg 	Celia neem ook aan die diskus en gewigstoot vir dogters 0/13 deel en behaal dan onderskeidelik ‘n 8ste en 5de plek. Sy behaal ook ‘n 3de plek in die 4x100m aflos.
Lanae Marais 	Lanae hardloop in beide die 75m hekkies en 200m hekkies en behaal onderskeidelik ‘n 9de en 12de plek.

Emile Pretorius 	Emile hardloop ‘n persoonlike beste van 3:42 in die 1200m en behaal ‘n 7de plek in die finaal.
PC De Meyer 	PC dring deur na die finale 6 atlete in die gewigstoot en eindig algeheel 4de.
Megan Lategan 	Megan het ongelukkig nie ‘n plek behaal nie, maar het baie goed gehardloop.

RUGBYKAMP

Die naweek het die jaarlikse rugbykamp by Queens High School plaasgevind. Dit was ‘n harde, warm naweek waar ons rugbymanne hulself geslyp het vir die komende seisoen. Dit was belangrike oefentyd wat sal verseker dat ons spanne die seisoen kan

aandurf met die nodige vernuf. Dankie vir elke seun wat daar was. Dankie aan ons afrigters. Ons sien uit na die komende seisoen.

RUGBYTOERNOOI BY ST. BENEDICTS
Ons eerste rugbyspan het die afgelope naweek aan die St. Benedicts rugbytoernooi deelgeneem. Ons het swaar geleef in harde westryde, maar daar is baie positiewe wat ons uit die naweek kan neem en op kan bou vir die seisoen wat voorlê. Wat kop bo skouers uitstaan, is dat hierdie groep seuns nie moed opgee nie en aanhou tot die einde van ‘n wedstryd.

NETBAL AANDREEKS VIR 0/13
Die netbalaandreeks het gisteraand afgeskop en dit strek oor twee Maandae waar spanne van Leeuwenhof, Dalview, Impala en President Steyn teen mekaar te staan kom. Die spanne se doeltellings word gebruik om die top twee spanne te bepaal wat in die finale rondte op Maandag, 13 Maart, teen mekaar sal speel, om die wenner van die wisseltrofee te bepaal.

Ons 0/13A span het met groot entoesiasme afgeskop en puik gespeel. Dit sal baie waardeer word indien meer ondersteuners hul volgende Maandag kan kom aanmoedig. Die wedstryde begin om 18:00. Baie sterkte aan me. Helena Pretorius en haar span, julle is tops!

RUGBY VS. JAN CELLIERS
Die wedstyde moet ongelukkig gekanselleer word omdat Jan Celliers onttrek het.

OPEDAG: GRAAD 1 TOT 12
Ons Opedag vind saam met die Hoërskool plaas op 10 Maart om 15:00. Sien aangeheg die advertensie wat ons ouers en personeel aan belangstellende familie en vriende kan stuur. Ons maak staat op elkeen se positiewe bemarking van ons pragtige skool. Hoe voller die skool, hoe minder is die jaarlikse verhoging in skoolfooie

KASKARPROJEK: GRAAD 1 TOT 7
Dankie aan ouers wat alreeds pragtig bygedra het tot die projek. Ons het groot waardering daarvoor. Onthou ons projek sluit die 10de Maart om 09:00. Pryswenners word bepaal volgens getalle voor of op die 10de Maart. Ons doelwit is R340 000,00 hierdie jaar en ons wil graag die tegnologie verder uitbrei, kleedkamers en Leeupark se netbal –en tennisbane opgradeer. Ons maak baie staat op ons ouers se positiewe ondersteuning van die projek

VISSE BY WETENSKAPLABORATORIUM
Die helder kleure van 23 splinternuwe tropiese visse is te sien in die Laerskool se laboratorium van silwer dollars, green electric blues, parrot fish tot polytherons wat die opwinding en ontdekking van verskillende visspesies en hulle interaksie met mekaar versterk. Ons is bevoorreg met die tropiese tenk en die pragtige toevoeging van vissies.

U is welkom om die Wetenskaplaboratorium te besoek om die nuwe visse te besigtig.

Parrot Fish

Green electric blues

Silwer Dollar

VISUALIZERS IN SKOOL

Daar word reeds vir ‘n paar jaar hard gewerk aan Kaskardag. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend vir die tegnologie in die klasse. Daar is reeds skootrekenaars, dataprojektors, witborde aangekoop. Gedurende 2016 is daar visualizers beskikbaar gemaak. Hierdie tegnologie vergemaklik die aanbieding van lesse in die klas.

CLICK 2 CHOW

Hierdie is ‘n maklike manier vir ouers om elektronies kos by ons eie snoepie te bestel.

Die eerste 100 bestellings kom in aanmerking vir ‘n prystrekking om R500 kontant te wen.

Click2Chow is ‘n aanlyn bestelblad wat dit nou makliker is vir die kinders om nie in ‘n n ry te staan gedurende pouse nie of as hul hul kos by die huis vergeet het.

Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar ‘n kosbestelling geplaas word moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser óf leerder se naam en van is asook die klaskamer, sodat wanneer die leerder die bestelling kom afhaal by die snoepie weet hul presies vir wie dit is.

Ek glo hierdie kontantlose sisteem gaan dinge baie makliker maak vir die ouers, leerders en onderwysers.

Hierdie is die skakel wat gebruik moet word: https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/

EKSPERI-MAATJIES
Sien aangehegte inligting.

BUITESKOOL PRESTASIES

Graad	Naam van leerder	Prestasie Behaal
Gr. 4	Quan van der Merwe	• Quan kwalifiseer om aan die SWIM SA LEVEL 2 swem kampioenskappe deel te neem.
Gr. 7	Cara van der Merwe	• Cara kwalifiseer om aan die SWIM SA LEVEL 2 swem kampioenskappe deel te neem.

BELANGRIKE DATUMS

6 Maart	Wiskunde week
	Netbal aandreeks vir 0/13 A
7 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30
	Welpie rugby oefening begin
8 Maart	Rugby vs Louw Geldenhuys: 0/9 tot 0/13
	Mini-netbal oefening begin
9 Maart	WIJ
10 Maart	**GS TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**
	Opedag
11 Maart	Rugby, netbal en skaak vs Trinity House: Rugby – 0/9 tot 0/13 Netbal – 0/10 tot 0/13 Skaak
13 Maart	Netbal aandreeks vir 0/13A
14 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30
15 Maart	Rugby en –netbal vs L/s Fontainebleau Rugby: 0/9 tot 0/13 Netbal: 0/10 tot 0/13
16 Maart	Rugby –en netbaltoervergadering vir eerstespanne
17 Maart	**WETENSKAP TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**
20 Maart	Skoolvakansiedag
21 Maart	Menseregtedag(Skool gesluit)
22 Maart	ATKV Spelathon: Gr. 6 en 7
23 Maart	WIJ
	Tafelolimpiade
	Kapteinsaand vir rugby en netbal: 0/9 tot 0/13
24 Maart	**SAKESTUDIES TERMYNTOETS: GR. 7**
	Sokkie: gr. 4 tot 7
28 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30
29 Maart	Rugby en netbal vs L/s Baanbreker Rugby: 0/9 tot 0/13 Netbal: 0/10 tot 0/13
31 Maart	Algemene kennis
1 April	Rugby en netbal teen Cornwall Hill Rugby: 0/9 tot 0/13 Netbal: 0/10 tot 0/13
3 April	Pet –en klere oorhandiging vir 1 ste rugby -en netbalspanne
4 April	Akademiese ondersteuning 07:30

5 April	Die skrywer Karla Schutte besoek ons skool
	Rapporte aan leerders
6 April	WIJ
8 April	Rugby vs Jan Celliers: Jan Celliers het onttrek
10 April	Oueraande
11 April	Oueraande
12 April	Skool sluit 12:00 – Busse vertrek 12:15
18 April	1 ste rugby –en netbalspanne vertrek op toer na Limpopo tot 22 April
19 April	ATKV redenaars tot 21 April
2 Mei	Oefening vir 0/9 tot 1 ste rugby –en netbalspanne 14:00 tot 15:30
3 Mei	Skool begin 08:00

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL